# Vivo-bemarkingsdag 'n fees vir aartappelboere

Deur Andries Gouws, Plaas Media

Die onlangse Vivo Boerebemarkingsdag het 'n tydelike verposing vir die aartappelboere van die omgewing gebring nadat uitdagings van buitengewone hittegolwe en ontydige kragonderbrekings hulle laat sweet het.

Beurtkrag het miljoene rande se skade aan hul oeste aangerig deurdat besproeiingskedules ontwrig is. Dit het veroorsaak dat plante wat nie genoeg water gekry het nie, se lowwe oopgeval en aartappels feitlik gaar gebak is in die grond.

By die boerebemarkingsdag, wat elke jaar sterk groei en 'n boerefees van formaat geword het, kon produsente met verskaffers skakel en in 'n ontspanne atmosfeer verder bande smee met ander produsente. Vanjaar het 160 groot landbousakeondernemings uitstallings aangebied, teenoor die 110 van verlede jaar. Daar was ook talle kleiner deelnemers wat veral kos en drinkgoed aangebied het.

## Netwerke gevestig en kennis gedeel

CT van der Merwe, hoofbestuurder van AL 3 Boerdery en voorsitter van die reëlingskomitee, sê die boeredag het die voormalige Aartappelfees vervang, en dit het ten doel om produsente van die hele omgewing die geleentheid te gee om op 'n wyer vlak te kommunikeer, netwerke te vestig en terselfdertyd kennis te maak met die nuutste tegnologie wat vir die verskillende boerderyvertakkings in die omgewing beskikbaar is. Daarin is, na sy mening, goed geslaag.

Daarby is die oogmerk om geld in te samel vir die CVO-skool Vivo wat sonder enige staatshulp sowat 200 kinders in van 'n baba-afdeling, kleuterskool, graad R-klasse tot normale skoolklasse bedien. 'n Belangrike uitvloeisel van die



*Agrico se span het produsente raad oor besproeiing gegee. Van links is Wimpie Briel, Du Toit Hartzenberg, Willem Botha en Marius Jansen van Rensburg.*



*By die ingang na die Vivo Boerebemarkingsdag kon besoekers sommer dadelik kennis maak met die produkte wat in die omgewing geproduseer word. By die produkte is Michelle van Wyk.*



*Dié hommeltuig en die praktiese demonstrasie daarvan het groot aandag getrek. Dit is deur Microbial Biological Fertilizers International vertoon. By die hommeltuig is Jarred Elliot en Donovan Nieman.*

boeredag is dat dit die plaaslike ekonomie, wat swaar op toerisme leun en erg deur die Covid-pandemie getref is, 'n hupstoot gee.

Volgens CT het beurtkrag 'n massiewe invloed op die aartappelbedryf in die gebied gehad. Hy skat die verlies aan opbrengs as gevolg van die onderbreking van besproeiing weens beurtkrag, beloop by hulle boerdery alleen sowat R4 miljoen.

## Geleenthede in die informele sektor

GG Alcock, outeur en entrepreneur wat homself 'n kind van die Derdewêreld noem en 'n kenner van die informele




*Werktuie om van te kies en te keur was uitgestal. Produsente kon met die nuutste tegnologie in meganisasie kennis maak en ook bande met verskaffers versterk.*




*Aartappels SA was goed verteenwoordig by die Vivo Boerebemarkingsdag en besoekers kon meer van hul bedrywighede by dié kraampie kry.*

sektor is, sê die informele ekonomie in Suid-Afrika groei beduidend en hou die sleutel vir alle bemarking, ook landbouprodukte, in die toekoms in.

Die meeste mense het 'n wanbegrip oor landelike gebiede en dink dit bestaan hoofsaaklik net uit plakkershutte. Sowat 84% van mense in dié gebiede woon egter in formele huise, het sterk koopkrag en bestee al hoe meer geld op goedere en kos van hul voorkeur. GG het aan aartappelboere van Limpopo gesê daar lê groot geleenthede in die mark wat al hoe meer deur konvensionele kettingwinkels benut word vir markuitbreiding.



*Daar is gespog met die aartappels wat in die omgewing van Vivo verbou word.*

Vir navrae oor die Vivo Boerebemarkingsdag, kontak Michelle van Wyk by 083 713 0204 of vivobemarkingsdag@gmail.com.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 36 NO 6 • NOVEMBER / DECEMBER 2022



SANDSPLEET, SPLEETSKURF OF ANDER OORSAKE: OORSIG VAN AARTAPPELKRAKE

SANDVELD KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP AURORA IN 2021/22

Improving diversity in potato plantings

Use of lime in soil: Acidity is no longer visible

Reviewed and updated ARC irrigation manual